

Sondag 27

SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 10:1-10 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 10:6-7

Rehabeam – Ten spyte van politieke onrus bly God in beheer

Rehabeam (die volk is uitgebrei) volg Salomo op as koning oor Israel. So maklik sou dit egter nie gaan nie. Veral die tien noordelike stamme is nog kwaad vir Salomo oor die swaar belastings en neerdrukkende arbeidsmaatreëls. Rehabeam se teenstander, Jerobeam, sou ook 'n rol in die uiteindelijke skeuring van die ryk van Dawid speel. As Jerobeam se aanhangers vra dat daar verligting moet kom van die swaar maatreëls van Salomo, en Rehabeam nie na die ouer en wyser manne wil luister nie, maar na sy jong magsbehepte raadgevers, skeur die ryk in 925 vC.

Hier kom die donker kant van menswees na vore. Rehabeam se oupa, Dawid, het ook gesondig, maar dit bely en reggemaak wat hy verkeerd gedoen het. Rehabeam, ondanks aanvanklike suksesse, het in die sonde volhard. Veral aan die einde van sy regeringstyd blyk dit (2 Kron. 12:14).

So lyk die wêreld van vandag ook. Magspeletjies van politieke figure laat dit lyk asof hulle ons lewens beheer. Ons voel magteloos aan die optredes van mense uitgelewer. Kom ons ont hou wel van 'n ander Seun van Dawid wat gekom het om 'n ander soort koning te wees. In sy Koninkryk word eiebelang nie nagejaag nie, is mense barmhartig teenoor mekaar, en word vrede nagejaag.

Toe die ryk skeur in noord en suid, het die geskiedenis 'n ander wending geneem. Toeval? Nee, want agter al die gebeure, lees ons, is die Here teenwoordig. Alles kom van Hom af (2 Kron. 11:4). Uiteindelik gee God die Dawidshuis nie prys nie, want uit die geslag van Dawid sou die Christus gebore word (Matt. 1).

Ondanks alles wat maghebbers mag doen, is God in beheer. Hy gee sy Seun aan ons. Die Heer se stem weerklink – 'n ganse wêreld beef voor Hom!

Sing: Psalm 46-1:1, 3 (1936)

Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Moorivier)